



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 3: SKRYF

FEBRUARIE/MAART 2009

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

 AFDELING A: Opstel (50 punte)
 AFDELING B: Langer transaksionele tekste (30 punte)
 AFDELING C: Transaksionele, naslaan- en informatiewe tekste (20 punte)
2. Beantwoord EEN vraag in elke afdeling.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Voer die opdragte by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.
5. Die uiteensetting van jou skryfstukke is baie belangrik. Jy moet elke skryfstuk op 'n NUWE DUBBELBLADSY begin.
 - 5.1 Doen die beplanning/redigering op die linkerkantste bladsy.
 - 5.2 Skryf die finale produk op die regterkantste bladsy.

VOORBEELD:

| | | |
|--|------------|---|
| <p>LINKERBLADSY BEPLANNING/REDIGERING <u>kan</u> só lyk:</p> <div style="text-align: center;"> <pre> graph TD A[Onderwerp] --- B[Inleiding] A --- C[Paragrafe] A --- D[Slot] </pre> </div> <p>Jy kan die foute soos volg verbeter/wys voordat jy die finale skryfstuk oorskryf:</p> <p>.....(.....) ^..... ←.....↓.....</p> | <p>1.2</p> | <p>REGTERBLADSY FINALE PRODUK Byvoorbeeld: <u>Die soenwet</u></p> |
|--|------------|---|

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Kies EEN vraag en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.

1.1 Julle het probleme met julle nuwe bure. As dit nie hulle honde is wat julle wakker blaf nie, dan is dit die kinders wat julle ruite stukkend gooi of laataand-partytjies hou.



Skryf 'n opstel waarin jy vertel van al die probleme wat julle met die mense wat langs julle bly, het.

[50]**OF**

1.2 Die *soenwet* bepaal dat dit onwettig is vir kinders onder 16 om mekaar in openbare plekke te soen of te liefkoos.


Die soenwet: Ja of nee?

[Aangepas uit: *TheTeacher*, April 2007]

[50]**OF**

1.3

DIE VOORDELE DIE VOORDELE EN NADELE VAN SPORT

[Aangepas uit: *Shout*, Januarie 2003]

[50]

OF

1.4 Die winkel/spaza of die winkelsentrum waarheen jy/julle graag gaan.

Dink aan:

- Waarom jy daarvan hou om na hierdie winkel/winkelsentrum/spaza toe te gaan.
- Watter dinge jy hier ervaar wat jou weer en weer laat teruggaan.

[50]

OF

1.5


**Die belangrikste dinge in die lewe
is verniet!**

[50]

OF

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor.
Gee vir jou skryfstuk 'n titel.

1.6.1



[Art Library]

[50]

OF

1.6.2




[Uit: Weg, April 2007]

[50]

OF

1.6.3



[Uit: *Taalgenoot*, April 2007]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

- Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.

2.1 'n Groot winkelsentrum in julle dorp of stad maak nie voorsiening vir gestremde persone nie. Jy is 'n persoon in 'n rolstoel en dit is vir jou moeilik om oor die weg te kom.

Skryf 'n formele brief aan die sentrumbestuurder waarin jy vir hom/haar vertel van jou probleem. Gee moontlike oplossings vir die probleem. [30]

OF

2.2

Jou beste vriend/vriendin wil na die eksamen Suid-Afrika verlaat. Hy/sy wil wegkom van al die negatiewe dinge in Suid-Afrika. Jy voel baie hartseer hieroor en jy wil hom/haar ompraat om te bly.

Skryf die gesprek tussen jou en jou vriend/vriendin in dialoogvorm neer. [30]

OF

2.3 Daar was insidente van geweld teenoor vreemdelinge in ons land en almal is baie geskok daaroor.

Die matriekleeders het 'n *Ubuntu*-komitee saamgestel. Hierdie komitee het alreeds verskillende dinge gedoen om in julle gemeenskap en in julle skool die probleem op te los en te voorkom.

Jy is die voorsitter van die komitee. Skryf 'n koerantberig waarin jy vertel wat julle alles gedoen het. Die opskrif van die koerantberig is:

**XENOFOBIE UIT –
UBUNTU IN**

[30]

OF


2.4 Jy het verlede naweek die konsert van 'n baie bekende Rock-/Gospel-orke bygewoon.

Skryf 'n resensie oor die vertoning van die Rock-/Gospel-orke vir julle skoolkoerant. [30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE**VRAAG 3**

- Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.
- 3.1 Jy is besig om vir die Graad 12-eksamen voor te berei. Dit gaan baie goed met jou voorbereiding vir die eksamen. Watter instruksies sal jy vir 'n vriend/vriendin kan neerskryf om te volg vir sy/haar eksamenvoorbereiding?

**[20]****OF**

- 3.2 Jou pa/ma het sy/haar werk verloor. Julle sal nou na 'n ander huis moet trek. Dit ontstel jou baie omdat jy in daardie huis gebore is en jou hele lewe lank al daar woon.

Skryf jou gevoelens in jou dagboek neer, byvoorbeeld jou teleurstelling, hartseer, vrese, onsekerheid, ensovoorts.

[20]**OF**

- 3.3 Jy is saam met jou skool op 'n opvoedkundige toer deur die land. Jou beste maat kon nie saamgaan nie.

Stuur nou 'n poskaart aan hom/haar en vertel van die mooiste plek wat julle sover besoek het.

ONTHOU: Teken die poskaartvorm oor op jou antwoordblad.

| | |
|-----------------|--|
| Poskaart | <div style="border: 1px solid black; width: 80px; height: 60px; margin: 0 auto;"></div> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> <p>.....</p> |
|-----------------|--|

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

GROOTTOTAAL: 100